
25 Oktober 2026
Erediens: 08:30
Kinderkerk: 08:30
Sondagskool: 09:30
17:00
Prediker:
Ds Rika van Vuren


Kom vier saam met ons
HERVORMINGSONDAG
Sondagaand om 18:00
Prediker: Ds Hardus van Niekerk
Daar sal ook 'n lekker soethappie wees na die diens saam met koffie en tee

Program vir die week:

Dieper Delf Sondag 17:00

TIX Maandag 18:00

Kekkels Dinsdag 10:00

Sopkombuis Woensdag 10:00

Vrouebybelstudie afsluiting Woensdag 10:00

Dieper Delf Donderdag 10:00

JEWLS Donderdag 18:00

Hervormingsondag aanddiens 18:00

Sondag: Langtafel funksie

Volgende Sondag: Voedselbediening

DEURKOLLEKTE

DEURKOLLEKTE

VERJAARSDAE

25 - 31 Oktober

25 Oktober

Lynnette Bester
Ilze Colin
Mieke Esterhuysen
Ronel Minnie
Cornell Swanepoel

26 Oktober

Nick du Plessis
Linda du Preez
Thea Howell
Mické Kloppers
Rean Lourens
Lara Moolman
Mia Pretorius
Leander v Brakel
Dané Wessels

27 Oktober

Kara Breed
Marlize Engelbrecht
Roux Groenewald
Danie Oosthuizen
Imogan Smit
Anandi Spies
Lorraine v Deventer

28 Oktober

Wiekus Jv Rensburg
Fanie Nel
Milan Storm
Malinda Wahlstrand

29 Oktober

Rehan Bezuidenhout
Dawid du Buson
Nelmari Louw
Jano Marx
Christel Mienie
Leandé Störm
Chanel v Vuuren
Deidré Venter

30 Oktober

Glen Corbett
Herman Jansen
Jeanne-Marie Joubert
Jannie Kruger
Marleen Malan
Denise Riekert
Tiaan Snyman
Kobus Swart
Elsie vd Walt
Ilse v Graan

31 Oktober

Janke Botes
Bennet Groenewald
Llewellyn Hough
Christo Marx
Alida Schönfeldt
Lizette vd Berg

Oom Nick du Plessis word Maandag 84 jaar oud!

Indien jy bewus is van ‘n naam op die lys van iemand wat dalk al oorlede is, of ons gemeente verlaat het, laat weet asb die kerkkantoor. Dit help baie om ons data op datum te hou.

Baie geluk aan almal!

Mag hierdie week vir julle vreugde, gesondheid, liefde en baie mooi herinneringe bring. Geniet elke dag en mag die nuwe lewensjaar oorvloedig geseënd wees!

Van ons Flinke Vroue se kant wil ons baie graag julle as gemeente vanuit ons harte bedank! Vir elke bydrae met elke funksie, met ons Broodbreeketes, met ons Belydeniskinders se funksies, ons waardeer julle so opreg, julle oop en omgeeharte! Die Here is voorwaar baie lief vir NG Middelburg-Suid, en ons as Flinke Vroue is baie lief vir julle as gemeente! Baie baie dankie!!

75 gebedspunte

'n Pad van 75 kragtige gebede

FASE 6

Voorsiening & Die Nasie

WEEK 23: 25 - 31 Oktober

GENESING VIR DIE LAND

66. **Beskerming teen geweld**
67. **Genesing van die nasie**
68. **Eenheid tussen gemeenskappe**

DIE WITSAKPROJEK

'n sak vol hoop

Ons nooi jou uit om 'n witsak te vul met nie-bederfbare produkte en 'n seën te wees vir iemand wat hulp nodig het.

'n Klein gebaar kan 'n groot verskil in iemand se lewe maak.



"Dis saliger om te gee as om te ontvang."
- Handelinge 20:35

VUL 'N SAK MAAK 'N VERSKIL

DIE WITSAKPROJEK

'n sak vol hoop


- Soppoeier (2x50g)
- Grondboontjiebotter (400g)
- Konfyt (300g)
- Sout (500g)
- Kookolie (750ml)
- Langlewe melk (1 Liter)
- Aanmaakkoeldrank (1 Liter)
- Blikkie Room Mielies (410g)
- Blikkie Tamatie & Uie (410g)
- Mieliemeel (1kg)
- Koffie (250g)
- Spaghetti (500g)
- Suiker (1kg)
- Tee (klein)
- Rys (1kg)



Witsakke moet asb ingehandig word by die kerk teen 6 Desember 2026.

VUL 'N SAK MAAK 'N VERSKIL

BRING JOU OU BRIL





Ons sê baie baie dankie vir elke bril wat hier aangekom het, met hierdie brille gaan ons soveel mense kan help wat nie voorheen 'n bril kon bekostig nie. Hierdie brille gaan nou na die Lions Bright Sight in Witriver gaan, wat dit gaan herstel en versprei.

75 jaar - ONS KYK ANDERS!

EEN VAN ONS BAIE SPESIALE UITREIKE TYDENS ONS FEESJAAR IS 'N

GEBEDSUITREIK NA ONS SKOLE

SONDAG 8 NOVEMBER NA DIE EREDIENS

Matteus 18:20 *"Want waar twee of drie in my Naam byeen is, daar is Ek in hulle midde."'*



ONS STAAN SAAM IN GEBED

Ons gaan saam met 'n gebedsleier beweeg na die volgende skole:

- HOËR TEGNIESE SKOOL
- MIDDELBURG HOËRSKOOL
- MIDDELBURG PRIMARY
- HOËRSKOOL KANONKOP
- LAERSKOOL CR SWART
- LAERSKOOL MIDDELBURG
- LAERSKOOL KANONKOP
- FUTURE ACHIEVERS

KINDERKERK
08:30

JUNIORS 3 jaar - Gr 3 in die saal

SENIORS Gr 4 - 6 onder in die Gat



SONDAGSKOOL

JUNIORS Gr R - 6 om 09:30

SENIORS Gr 7 - 11 om 17:00

Kinderkerk 25 Oktober

Filippus en die Ethiopiër

Handelinge 8:26-40 vertel ons hoe God Filippus na 'n hoë geplaaste Ethiopiese amptenaar gelei het om hom te help om die Evangelie te verstaan. Dit herinner ons dat ons altyd gereed moet wees om Jesus met ander te deel.

SLEUTELPUNTE:

Die Ou Testament verwys na Christus

God lei ons na mense om hulle te help om die Bybel te verstaan.


Verlossing bring blydskap

Kom kry jou heerlike

KOFFIE MAAK ALLES BETER

CAPPUCINO
AMERICANO OF
HOT CHOCOLATE by die

TWEE OF DRIE KOFFIEBEDIENING



voor en na die erediens.

Kom kuier lekker saam met ons

by die Koffietoonbank!

NG Middelburg-Suid 75 Ons Kyk Anders



Onthou daar is nog steeds ons gewone gratis koffie en tee ook beskikbaar na die erediens!

NG Middelburg-Suid 75 Ons Kyk Anders


SONDAGOGGEND
22 NOVEMBER
08:30
LOFPRYSINGS
diens
STELLA EN LOUIS


TIX
Tieners in Christus
Elke Maandag
18:00-19:00
WHO?
Graad 8 tot Graad 12 is welkom
Lekker eet- en drinkgoed
en baie PRET
NG Kerk Middelburg-Suid
DON'T MISS OUT!



75 DAE TOT ONS VERJAAR

ONS HET ALREEDS BEGIN OM DIE DAE TEL TOT EN MET ONS VERJAARSDAG 24 NOVEMBER. ONS GAAN ELKE DAG 'N FOTO PLAAS OP ONS SOSIALE MEDIA. HOU GERUS DOP!

DAAR IS NOG 'N PAAR NRS BESKIKBAAR OP DIE GOOGLEFORM, GAAN KYK ASB VIR 'N NR, ONS WIL GRAAG ELKE DAG 'N FOTO PLAAS!











ONTHOU OM ASB SO VINNIG MOONTLIK JUL FOTO TE STUUR NA 060 970 8277

Kreatiewe Bediening

As jy lief is om blomme te rangskik, of vir binnenshuiseversiering, of om 'n hoekie in jou huis mooi te maak, nooi ons jou uit om deel te word van hierdie bediening wat die liturgiese ruimte mooimaak vir eredienste.





Jy kry ongeveer een keer per kwartaal 'n beurt en dit is 'n heerlike manier om jou talent uit te leef.

Kontak vir Jeannie by die kerkkantoor vir meer inligting.

DIEPER DELF

is ons Bybelstudie groep vir volwassenes, Sondae middae (wanneer daar wel ook kategese is) van 17:00 tot 18:00 in die konsistorie.

Kontak vir ds Rika of vir Fanie Buys by 084 205 5055

Welkom!

Ons het die attestate ontvang van
JAN HORN en
JOELINDA HORN (neé BOTHA)
asook dooplidmaat
MARLOUX LEONARDO HORN
vanaf NHK Rustenburg-Tuine

Baie welkom hier by ons! Mag God vir julle regtig goed wees en mag jul Sy seën, genade en liefde hier by Middelburg-Suid ervaar!

KLERE bank

Elke Donderdag

vanaf 08:00

ENIGE SKENKINGS VAN KLERE, BEDDEGOED, GORDYNE WORD OPREG WAARDEER



Help ons om terug te ploeg in ons gemeenskap!
Kontak vir Nicolette 082 569 0032

#WELKOM BY ONS GEMEENTE #ROOI BEKER VAN LIEFDE

As jy ’n nuwe intrekker of besoeker is, of jy is al ’n rukkie by ons gemeente maar voel nog bietjie vreemd, nooi ons jou uit om uit ’n rooi beker jou koffie na kerk te geniet! Dit help die gemeente om jou as ’n nuwe gesig te herken.



ONS IS OPGEWONDE OM JOU TE ONTMOET!

NG Middelburg-Suid 75 Ons Kyk Anders

NG Middelburg-Suid 75 Ons Kyk Anders

Ons het ‘n wonderlike hekel- en brei groep genaamd **KEKKELS!**

Hierdie groep kom bymekaar om 10:00 hier by die kerk, bykans elke Dinsdag van die jaar, want dit is só lekker!! Hier word heerlik gekuier en nuwe projekte aangepak. As jy wil inskakel, skakel vir Edri by 061 015 2294



HERFSGENOTE

Hierdie is ‘n heerlike saamkuier groep wat lekker aktiwiteite doen! Alle pensioenarisse is baie welkom. Kom kyk bietjie wat ons doen!







Vir enige navrae kontak vir Minnie by 073 790 3043





Fluke vroue

Liefde met opgerolde moue

Die Vrouebediening skep 'n veilige ruimte binne die gemeente waar gelowige vroue oor generasies heen verenig kan word.

Hier word vroue gemotiveer om deur lag en trane bymekaar te leer. Waar vroue mekaar motiveer om geestelik te groei sodat ons in die kerk en gemeenskap kan floreer.

Ons bediening wil op verskillende terreine in die gemeente 'n diens lewer.

Jou spesiale gawes en talente kan op 'n besondere wyse tot eer van die Here aangewend word.

Daarom het ons jou nodig!

Lin van Niekerk -
082 972 6540



KOM SIT AAN BY ONS

Langtafel

OM FEES TE VIER!

20 | NOVEMBER OM 17:30 KOGELSTRAAT

R150 per persoon
R75 per kind onder 0/12
Bring gerus jou eie drinkgoed



Skakel die Kerkkantoor vir navrae - 013 243 3765

Ons het ‘n SOPKOMBUIS elke Woensdagoggend vir hawelose mense. Dan word daar vir ongeveer 80 mense ‘n brood en ‘n bakkie sop gegee. Daar is ook pastore wat vir hul ‘n kort boodskap gee met gebed. As jy graag wil help met sop kook vir hierdie wonderlike uitreik, kontak asseblief die kerkkantoor vir meer inligting.



Subscribe op die gemeente se Youtube bladsy.



NG MIDDELBURG-SUID

@ngmidsuid

Bly op hoogte van elke Sondag se erediens!

STEL JY BELANG IN TEGNOLOGIE?

Wil jy jou gawes en belangstelling gebruik in Sy koninkryk?

Ons het jou nodig!

Kom dien die gemeente deur te help met:

- Die klankbord
- Die projeksie rekenaar
- Die video livestream

Al weet jy nie hoe nie, moenie bekommer nie, ons leer jou! Jy sa
eers saam met "ou hande" werk voor jy dit op jou eie doen.

Kontak ds Hardus 082 493 4055, Peet Kruger 082 887 1763 of
Kruger Henning 082 801 2923

09 : 15

NG MIDSUID KOMMUNIKASIE




As jy deel wil wees van die whatsappgroep wat al die nuus en alles wat gebeur in die gemeente ontvang, asook die weeklikse preke en afkondigings, laat weet asseblief die kerkkantoor.

Whatsapp 060 970 8277
of epos admin@midsuid.co.za
of skakel 013 243 3765
tydens kantoorure
08:00 tot 13:00.



PERSOONLIKE INLIGTING

Laat weet asb die kerkkantoor as jou adres, kontaknrs, huwelikstatus ens verander het, of as jou gesin groter of kleiner geword het.
Laat weet ons as jy die gemeente verlaat of trou. Die kerkkantoor weet veral nie as jy trou nie. Wat is jou huweliksdatum, jou nuwe van of nuwe adres? Ons wil ons data op datum hou, en het jou samewerking nodig asb.



Hoe kan ek my bankkollekte of deurkollekte gee?

Ons het die skandeerkode ook op die kollektesakkies gesit. As jy ontdek jy het kontant vergeet vanoggend, maak die Zapper app op jou foon oop, en 'tap' net die kode wanneer die sakkie by jou verbykom. Indien jy alreeds 'n betalingswyse op jou foon gelaai het, is dit 'n vinnige en maklike proses.

zapper™

Onthou om asb net die regte verwysing in te sit, bv bankkollekte of deurkollekte sodat ons finansiële kantoor die bedrae reg kan allokeer.

VROUE BYBELSTUDIE

Kom hou bybelstudie saam met vroue van God! Woensdae oggende om 10:00 hier by die kerk, tydens skoolkwartale.



HULP BENODIG!

Ons het persone nodig om te help met teeskink op Sondae.

Indien jy bereid is om te help skakel asb vir Monica op 076 636 7666.

As jy reeds Sondae koffie en tee nuttig, oorweeg dit asb om te help.



Die GEDENKMUUR op ons kerkterrein is vir baie van ons 'n ideale en veilige plek om ons geliefdes se herinnering te eer. As jy meer wil weet oor 'n nissie, kontak vir Gerrie by 079 262 9892.

Daar is blommehouers by ons Gedenkmuur. Wanneer jul 'n nissie besoek, plaas gerus jul blomme binne-in die plastiekhouer binne-in die staal emmer. Daar is ook kaartjies en penne beskikbaar. Sou jy 'n boodskap wou skryf, kan jy dit by die blomme vasknip.







EERSTEJAARS KAMP























18-22 JAN 2027

KAMP VAN JOU LEWE

• LAG • LEEF • GROEI

UNIVERSITEITSOORD.CO.ZA

NG Middelburg-Suid
75
Ons Kyk Anders